# RANDJIENUUS

## 28 AUGUSTUS 2026

### ROOIDAG

Dit was Rooidag by Hoërskool Randburg (7 Augustus) – 'n besondere dag waarop ons seuns vir ons Randjie-meisies gewys het hoe spesiaal, waardevol en geliefd hulle is.

Aan elke Randjie-meisie: Onthou altyd hoe uniek en kosbaar jy is. Julle is 'n belangrike deel van die Randjie-familie en maak ons skool 'n beter en mooier plek!

Dankie aan ons seuns vir 'n dag vol mooi gebare, omgee en Randjie-gees!



# STUDENTEFORM VAN 2026/2027

Baie geluk aan die volgende leerders met hul verkiesing tot die **Studenteforum van 2027**! Ons weet dat hierdie groep diep spore by Hoërskool Randburg gaan trap. Mag julle met trots, integriteit en toewyding leiding neem en 'n blywende verskil maak. **Lei met trots, staan sterk en wys wat Randburg se GEES beteken.** Laat ons waardes en tradisies voortleef en bou voort op die trotse nalatenskap van Hoërskool Randburg. Ons sien uit na alles wat julle in 2027 gaan bereik!





KEIRA BESTER



LIESCHEN HARPER



LIZÉ GREEFF



MIA-LIE JANSEN VAN RENSBURG



MIEKE KOK



NINA DU PLESSIS



TASHA VAN ZYL



TIANÉ GOUWS



VERONIQUE SWANEPOEL

# SEUNS



DIHAN MYBURGH



EDGAR VAN DER SPOEL



EMIL KOEN



FRANCO COLIN



GRAEME KITCHING



HENDRICO VAN REENEN



IGNATIUS LOMBAARD



JEAN HOOGENDOORN



KIAN BENADE VAN NIEKERK



KYLE CAMERON



LIAM BEAUMONT

LIAM PEEK





MARNO WHITE

MARNUS GOOSEN





THOMAS PRETORIUS

WAYLON MENGEL







ZIVAN PRUIS

*Baie geluk!*

# AKADEMIE

## *ENGLISH OLYMPIAD*

Die jaarlikse ***English Olympiad*** word deur Rhodes Universiteit aangebied en is 'n vooraanstaande nasionale kompetisie met omtrent 8000 inskrywings per jaar. Die olimpiade verg 'n goeie algemene kennis en besondere insig, sowel as uitmuntende skryfvaardighede.

Vyf van ons leerders het hierdie jaar die uitdagende *English Olympiad eksamen* suksesvol afgelê. **Jana de Bruin (gr. 11)** en **Malea Avis (gr. 10)** verwerf elk 'n silwer sertifikaat. **Jonathan Eilers (gr. 11), Ingrid-Mari Brümmer (gr. 11)** en **Minay van der Merwe (gr. 9)** verwerf 'n brons sertifikaat.




## MUSIEK

Baie geluk aan **Juf. Trudi van Wyk** wat deur die Departement van Onderwys vereer is vir haar ongelooflike **30+ jaar se toewyding en bydrae tot die kunste, spesifiek musiek.**

Ons is ongelooflik trots op haar en baie dankbaar dat sy steeds deel van ons magneetskool-familie is.

Dankie, Juf. Trudi, vir meer as drie dekades se passie, inspirasie en liefde vir musiek en vir die verskil wat jy deur die jare in die lewens van soveel leerders gemaak het. **Ons vier jou vandag en sê met trots:**

**Baie geluk!**

**Jy verdien hierdie spesiale erkenning.**



# ROBOTIKA-KLUB

Vier van ons Robotika-spanne het onlangs aan verskeie afdelings van die WRO *(World Robot Olympiad)* deelgeneem. As deel van 'n *RoboMission Senior* span het Victor 'n uitstekende robot ontwerp en saam met sy spanmaats 'n eerste plek in die kompetisie behaal! Met hierdie uitsonderlike prestasie het die span 'n plek by die SA Nasionale WRO-kompetisie, wat op 11 tot 12 September in Pretoria plaasvind, verseker! **Baie geluk aan Victor Wolmarans!**

Ons *Explorer Prime* en *RoboMission* junior spanne het die ook uitstekend gevaar, waardevolle ervaring opgedoen en hul beste gegee. Knap gedaan aan elke leerder! Julle deursettingsvermoë, spanwerk en bereidwilligheid om aan te hou leer en verbeter, maak ons trots. **Die deelnemers was:**

- *Robomission* senior span: **Victor Wolmarans (graad 9)** - hy het saam met twee *homeschoolers* deelgeneem.
- *Robomission* junior meisiespan: **Danielle Marais en Arista van De Sandt (albei graad 8)**
- *Robomission* junior seunsspan: **Ethan Brown, Leo Haarhoff en Jacques van den Berg (almal in graad 8)**
- *Explorer Prime* span: **Emily Scharneck (graad 8)** - sy het saam met 'n voornemende Randjie deelgeneem wat tans in graad 7 in Fairland is.



# MATRIEK TOPPRESTEERDERSFUNKSIE

Die **Matriek Toppresteerdersfunksie** is op 13 Augustus by Paputzi's gehou. Baie geluk aan elkeen van ons toppresteerders! Ons is ongelooflik trots op julle harde werk, toewyding en deursettingsvermoë. Dankie vir al julle harde werk deur die jaar. Ons hou nou duim vas vir die rekord- en eindeksamen – mag julle harde werk beloon word! 'n Spesiale dankie aan Paputzi's vir die pragtige funksie, heerlike atmosfeer en uitstekende diens. Ons waardeer julle gasvryheid!



# KULTUUR

## EISTEDDFOD

Ons **koor** het op 11 Augustus aan die **MMS Sentraal Gauteng Eisteddfod** deelgeneem, met Elana Neethling as beoordelaar. Die koor het in twee kategorieë deelgeneem en in beide afdelings 'n A++-diploma behaal! Ons is ongelooflik trots op elke koorlid én hul ouers wat die ysige koue getrotseer het om hulle te ondersteun. Julle toewyding en harde werk is werklik vir ons skool 'n riem onder die hart. Knap gedaan, Randjies! Julle laat ons harte sing!






Ons is baie trots op ons *A Cappella* groep, *Sterrenade*, wat tydens die Sentraal Gauteng Eisteddfod 'n A+ vir hulle kompetisieprogram gekry het. Hulle het komplimente vir hul energie, groepsdinamika en uitsonderlike verwerkings ontvang.

A+



Ons is baie trots op **ons *A cappella* groep, *Sterrenade***, wat Vrydagaand aan die streeksuitdunne deelgeneem het. Hulle dring deur na die finaal wat op 10 Oktober in die Afriforum teater plaasvind!

Ons is geweldig trots op ons span (kinders, onderwysers en ouers) wat baie ure in hierdie produksie belê het en ons sien uit om julle weer op die verhoog te sien!

The Finals

# PRESIDENTSVERKENNER



**WAT BETEKEN DIT OM 'N PRESIDENTSVERKENNER TE WEES?** Om 'n Voortrekker te wees, gaan oor soveel meer as kampe, kentekens en aktiwiteite. Dit gaan oor karakter. Dit gaan oor diensbaarheid, leierskap, deursettingsvermoë, geloof en die bereidwilligheid om ander eerste te stel. Dit gaan daaroor om as 'n ligdraer in die wêreld te leef – selfs wanneer niemand kyk nie. **Amy Erasmus, Jana Novella, Alexia van der Walt, Ruan Visser, Hayley-Ann Van Der Westhuizen, Merike Burger, Carlo Snyman, Louw Geldenhuys, Rouke Loubser, Diedrick Bekker, Ané le Roux, Jana Greyling en Marius Fourie,** ons Graad 12-verkenners, het die Noordelike Presidents-verkennerkamp (PV-kamp) by Hartbeesfontein bygewoon. Hierdie kamp is die hoogtepunt van jare se harde werk, toewyding en groei – 'n prestasie waarop hulle met reg trots kan wees. Dankie vir die voorbeeld wat julle vir ons jonger Voortrekkers stel. Dankie vir die pad wat julle saam met julle Kommando's gestap het, vir die herinneringe wat julle help bou het en vir die verskil wat julle reeds gemaak het. **Ons wens julle alle sterkte vir die res van julle graad 12-jaar toe.** Mag julle elke uitdaging met dieselfde moed en deursettingsvermoë aanpak wat julle as Voortrekkers geleer het. Eenmaal 'n Voortrekker, altyd 'n Voortrekker.



## NASIONALE VERKENNERBERAAD
## 6 TOT 10 AUGUSTUS

Vier Randburg Voortrekkers – Linda van der Walt, Stefan van der Walt, Chanita Kruger en Lize-Marie Raubenheimer het aan die Nasionale Verkenner Voortrekkerberaad deelgeneem. Wat 'n ongelooflike paar dae! Die beraad het op die dak van die Voortrekkermonument afgeskop en is met geskiedenis, avontuur, leer en nuwe herinneringe gevul. Van die Voortrekkermonument, Melrose Huis en Fort Schanskop tot die Apartheidsmuseum, Sharpeville en Vegkop – elke besoek het ons geskiedenis op 'n besondere manier laat leef. By Doornkloof het die Verkenners ook aan die Jeugberaad deelgeneem en hul stem oor belangrike jeugaangeleenthede laat hoor.

**Dit was 'n naweek vol vriendskap, avontuur, geskiedenis en groei wat nog lank onthou sal word!**

# DRAMA

Die graad 12-leerders wat Drama, Musiek en Visuele Kuns as vakke neem, het as deel van die jaarlikse Kriewelfees, hulle besonderse talente tydens die Matriekspogaand ten toon gestel. Vir sommige van hierdie leerders was dit 'n eerste ervaring op die verhoog. Tot nou toe het hulle hoofsaaklik net voor eksaminatore opgetree en hierdie geleentheid het hulle die kans gegee om die unieke opwinding te ervaar wanneer 'n gehoor hul optrede geniet en met applous beloon. Dan was daar natuurlik ook die "ou hande" – ons ervare kunstenaars wat gewys het waarom hulle so gemaklik op die verhoog is! Alexia van der Walt het onder andere 'n splinternuwe komposisie deur Ruan Visser gesing, met Ruan sélf op die klavier. Die dramaleerders se items het gewissel van Shakespeare se *Macbeth* en 'n reeksmoordenaar tot 'n paar skreeusnaakse komedies wat die gehoor behoorlik laat lag het. Die aand is afgerond met 'n indrukwekkende uitstalling van die Visuele Kuns leerders se werke, wat die gehoor die geleentheid gegee het om ook hul kreatiwiteit en kunstalent te bewonder.



# DANS

**Die Randjie-dansers skitter oor die langnaweek (9 Augustus)!**

**Kara Behrens (gr. 10)** het as deel van die **Gauteng span** aan die SABOD se nasionale danskampioenskappe deelgeneem. Hier verwerf sy en haar span een goue en een silwer medalje. Hulle kwalifiseer ook om in November aan die *IDO World Championship* in Sloewenië deel te neem.









**Ané Birkenstock (gr. 9)** het aan die *Acrobatic Solo Dance Sport Association* se WTC nasionale danskampioenskap deelgeneem. Hier verwerf sy twee vierde plekke vir haar solostukke en een derde plek vir haar groepsitem. Hulle kwalifiseer ook vir die **Proteaspan** wat later die jaar in Pole sal deelneem.








# TIENERTONEEL

Op 17 en 18 Augustus het vier van ons **toneelproduksies** aan die ATKV-toneelfees by die UNISA Klein Teater deelgeneem. Ons is ongelooflik trots op al ons leerders wat met passie, toewyding en harde werk op die verhoog gestaan het.

Tydens hul mentorsessies met die beoordelaars het ons leerders waardevolle terugvoer ontvang. Die beoordelaars was besonder beïndruk met ons kinders se talent en ook met Hoërskool Randburg se toewyding aan toneel.



# BAIE GELUK MET DIE VOLGENDE PRESTASIES:

## BITTERRUS

**Algeheel: Brons**

- 2 × Brons
- 3 × Silwer
- 1 × Goud

## TUSSEN DIE WATER EN DIE WIND

**Algeheel: Silwer**

- 2 × Brons
- 7 × Silwer

## ONS EN HULLE – SLEGS-LEERDERPRODUKSIE

**Algeheel: Brons**


- 4 × Brons
- 1 × Silwer

## METALASIE – SLEGS-LEERDERPRODUKSIE

- 4 × Brons

Ons is ongelooflik trots op elke leerder, akteur, produksiespan en afrigter/mentor wat tot hierdie prestasies bygedra het. Julle passie vir die kunste en julle bereidwilligheid om aan te hou leer en groei, maak ons baie trots! Baie geluk, Randjies! Julle laat die verhoog behoorlik skitter!







Op 24 Augustus het ons tienertoneel weer met drie fantastiese stukke die gehoor by Pronk Podium Die Wilgers Teater in Pretoria bekoor. Baie geluk aan ons drie stukke – julle ryg net die sertifikate in!

- Tussen die Water en die Wind (Ses brons en sewe silwer sertifikate)
- Bitterrus (vier brons en nege silwer sertifikate)
- Jakkalse (sewe brons en drie silwer sertifikate)





# OP KOORTOER IN KIMBERLEY

Ons koor het 'n leersame dag in Kimberley beleef. Die groep het die wêreldbekende Groot Gat besoek, waar hulle tydens 'n begeleide toer meer geleer het oor die geskiedenis van diamantontginning en die ryk erfenis van die Noord-Kaap. Na afloop van die toer het almal heerlik saam middagete by die *Occidental Bar* in die historiese ou myndorpie geniet.  Dit was 'n dag vol nuwe kennis, goeie geselskap en onvergeetlike ervarings – 'n besondere hoogtepunt van ons koortoer.





















Op Sondag, 19 Julie het ons koor die voorreg gehad om tydens die erediens by St Cyprian's Cathedral op te tree. Dit was 'n ongelooflike belewenis en 'n ervaring wat ons koor nog lank sal onthou. Dankie vir die hartlike ontvangs en die geleentheid om ons passie vir musiek te deel.



Ons koor het die *Felidae Centre*, ’n veilige tuiste vir groot en klein katspesies, besoek. Die leerders het die geleentheid gehad om verskeie indrukwekkende katspesies van nader te beleef, waaronder leeus, jagluiperds, luiperds, bakoorjakkalse en nog vele meer. Daarna het hulle ook Magersfontein besoek, waar hulle meer oor die geskiedenis van hierdie bekende slagveld geleer het. Dit was ’n besondere dag vol nuwe ervarings, leergeleenthede en onvergeetlike herinneringe.



Ons koor het die inwoners van Stillerwee aftree-oord se harte met 'n besondere optrede warm gesing. Na afloop van die sang het ons heerlik saam gekuier, gelag en na soveel wonderlike lewensverhale geluister. Hierdie kosbare oomblikke het ons daaraan herinner hoe waardevol dit is om tyd met mekaar te deel en vreugde deur musiek te versprei. Baie dankie aan die inwoners en personeel van Stillerwee vir die hartlike ontvangs. Dit was vir ons 'n voorreg om die dag saam met julle deur te bring.





**Die koor het hul toer op 'n hoë noot afgesluit.** Die afsluitingsaand is saam met Kimberley Girls' High gevier, waar die twee kore saam opgetree het en nuwe vriendskappe gesmee is.

Ons is opreg dankbaar vir 'n wonderlike, leersame en baie geseënde toer. Die herinneringe, musiek en samesyn sal nog lank gekoester word. Baie dankie aan elkeen wat hierdie spesiale ervaring moontlik gemaak het.

# Uit die pen van Carl Grimm: 'n Duitse uitruilstudent se ervaring tydens ons skoolkoortoer

As a German exchange student staying with Jan and his little brother Andries, I got the chance to join the five-day choir tour to Kimberley. Honestly, I had no idea what to expect. I thought it would just be a bit of sitting on the bus and a lot of singing. In the end, though, it turned out to be one of the best weeks of my exchange.

On the first day, it felt like we left in the middle of the night. Seven hours on a bus sound pretty terrible at first, but with music, sleeping and just hanging out, it actually went by pretty quickly. When we arrived, we first checked out our rooms. The houses, and especially the bathrooms, were definitely adventurous and very different from what I'm used to in Germany. On the bright side, the food was really good from the start. I was lucky that I was with Jan because the matrics always get to eat first. After that, we got straight into rehearsals.

The next day we visited the Big Hole. Seeing it in real life was even more impressive than in pictures. We even went underground and had a look around. It was really interesting because we learned a lot about diamond mining there. At lunchtime we had some really good burgers before heading back to camp and continuing with rehearsals. Speaking of rehearsals, the Afrikaans songs completely destroyed me. Honestly, I had no idea what I was supposed to sing. Every day I got to know more people, and most of them helped by translating the songs for me.

On the third day we had the first concert. I didn't sing myself but watched the others perform, and they did a really great job. It was also my first time in a Catholic church, which was interesting as well. The rest of the day was mostly spent rehearsing. In between we played volleyball, had another great meal, and in the evening we all sat together around the campfire. Later that night, while we were in bed, we watched the World Cup final, which made the evening even better.

My personal highlight, though, was the next day. We visited a cat farm where we got to see lions, leopards and cheetahs up close. That was honestly amazing. We also got to feed young jackals, monkeys and meerkats. That's not something you get to do every day. Afterwards we visited an old battlefield where we learned about its history. In the evening it was back to rehearsals, dinner and just spending time together.

On the last day we first performed at an old age home. That was my first concert in South Africa. I only sang during Regina Coeli, but it still felt really special. Afterwards we chatted with some of the residents. Later we went back to camp, had one last short rehearsal, and then performed our final concert in the same church where we had already sung before. We weren't the only choir there; another school was performing as well, an all-girls' school from Kimberley. On the bus ride back, we listened to loud music and sang together. Later that night we sat around the campfire one last time. I barely slept at all.

The next morning, I was completely exhausted. I got on the bus, sat down and pretty much fell asleep straight away. I slept through almost the entire trip home.

When I think back on the tour, the concerts honestly aren't the first thing that comes to mind. I think about the bus rides, the campfire, the animals, and especially the people. Even though I was the German exchange student, everyone welcomed me right from the start. That's exactly why I'll probably never forget these five days.



Thank you, everyone!

Carl Grimm

# SPORT

## GHOLF

Die Wesrand **Gholfliga** het tot 'n einde gekom met die laaste rondte wat by CMR gholfbaan gespeel is. Ons is ongelooflik trots op al ons Randburg spanne en die manier waarop hulle deur die liga meegeding het!

### Tweede rondte uitslae:

- Randburg A – Derde plek
- Randburg B – Agtste plek
- Randburg C – Negende plek
- Randburg D – 13de plek
- Randburg E – 17de plek




### Laaste rondte uitslae:

- Randburg A – Derde plek
- Randburg B – Agtste plek
- Randburg C – Negende plek
- Randburg D – 12de plek
- Randburg E – 17de plek



Uit die Wesrand Gholfliga word **'n provinsiale span** gekies wat gedurende die Septembervakansie aan die SA Skole-gholfkampioenskappe sal deelneem.





Baie geluk aan **Franco Colin (gr. 11)** wat gekies is om die Wesrand Gholfspan te verteenwoordig!

Franco neem van 27 tot 30 September aan die SA Skole-gholfkampioenskappe in Nelspruit, Mpumalanga deel waar die Wesrandspan teen ander provinsiale spanne sal meeding.

**Ons is ongelooflik trots op jou, Franco!**

Geniet elke oomblik, speel jou beste gholf en verteenwoordig die Wesrand met trots!




# SWEM

**Thomas Pretorius (gr. 11)** het op 15 Augustus aan die CGA Winter 3-gala by Curro Aurora deelgeneem.
Ons is ongelooflik trots op sy uitstekende prestasies in die seuns ouer as 16 jaar afdeling:

- 200m Individuele Wisselslag – **Tweede plek**
- 100m Borsslag – **Eerste plek én 'n nuwe persoonlike beste tyd van 1:10.23**
- 200m Kruipslag – **Vierde plek**

Baie geluk, Thomas! Ons is trots op jou harde werk, toewyding en deursettingsvermoë. Hou aan om jou grense te verskuif!



# LUGGEWEERSKIET

**Annabelle Kirstein (gr. 10)** het Suid-Afrika as deel van die SANSSU-skolespan tydens die *British Junior International Target Shooting* kompetisie verteenwoordig wat van 17 tot 20 Augustus in Bisley, Engeland, plaasgevind het. Die kompetisie het ongeveer **223 atlete** van verskeie lande en streke, waaronder Indië, Wallis, Skotland, ens., byeengebring.

Annabelle, wat tans in die **o. 16-kategorie** val, het aan die **3P-presisie-dissipline** deelgeneem.

Alhoewel sy o. 16 is, word die deelnemers nie volgens ouderdom ingedeel nie. Alle atlete neem dus in een gesamentlike kompetisie teen mekaar deel, wat haar prestasie des te meer besonders maak.

Annabelle het uitstekend presteer en 'n eerste plek behaal, waarmee sy die goue medalje verower het.

Hierdie uitsonderlike prestasie is 'n groot eer vir Annabelle en getuig van haar harde werk en toewyding aan die skietsport. Ons is ongelooflik trots op haar prestasie op die **internasionale** verhoog.






# RUITERSPORT



Ons is ongelooflik trots op **Jana Hartzenberg (gr. 12)** wat op 15 Augustus aan ’n *Training Show – Show Jumping* deelgeneem het.

Jana het uitstekend presteer en ’n **eerste plek** in die 70 cm-klas en ’n **tweede plek** in die 80 cm-klas behaal.

**Baie geluk, Jana!** Jou harde werk, talent en toewyding maak ons trots.



# TENNIS

Ons top agt tennisspelers het van 14 tot 15 Augustus aan die ATKV Buffelspoort Prestige Tennistoernooi deelgeneem – **en wat ’n prestasie!** Baie mooi, Manne, ons is trots op julle!

- **Randburg A** is as **die kampioene van die toernooi gekroon** nadat hulle sterk skole uitgestof het.
- **Randburg B** het uitstekend gevaar en die toernooi in ’n algehele **sesde plek** afgesluit.






# FIETSRY


Op Saterdag, 15 Augustus het ons by *PrimeView* weer gewys dat 'n Randjie nooit gaan lê nie! Van ons **fietsryers** het met beserings gery terwyl ander met 'n paar tegniese probleme te doen gekry het, maar elkeen het steeds op die dag hul absolute beste gegee. Ons is ongelooflik trots op elke Randjie fietsryer!

## PRESTASIES VIR DIE DAG:

- Tweede plek – **Evan Naudé**
- Negende plek – **Kirstin Roos**
- Negende plek – **Erik Breedt**
- 13de plek – **Reinhardt Strydom**
- 24ste plek – **Ewald Eloff**
- 27ste plek - **Klara Nel**

**Baie geluk aan elkeen! Julle harde werk, deursettingsvermoë en Randjie gees maak ons trots.**




# HOKKIE

**'n Besonderse Mylpaal – 150 Eerste Spanwedstryde!**

Baie geluk aan **Nicholas le Grange (gr. 12)** wat tydens Noord-Vaal 'n ongelooflike mylpaal bereik het deur 150 wedstryde vir Hoërskool Randburg se Eerste hokkiespan te speel. Hierdie prestasie getuig van jare se harde werk, deursettingsvermoë, lojaliteit en 'n onwrikbare passie vir die spel. Om 150 keer die Randburg kleure op die hoogste vlak te dra, is 'n uitsonderlike eer wat deur min spelers bereik word.



Dankie vir jou toewyding tot Randburg hokkie - jy het 'n blywende bydrae gelewer en ons is ongelooflik trots op wat jy bereik het. Baie geluk met jou 150ste Eerste Spanwedstryd – 'n prestasie om vir altyd op trots te wees.



Ons **hokkiespelers** het met trots die Randburg kleure by die Noord-Vaal-toernooi verteenwoordig. Baie geluk aan al ons spelers en afrigters met julle harde werk, deursettingsvermoë en sportmangees! **Spesiale gelukwense aan ons o. 14-dogters wat as Noord-Vaal-naaswenners geëindig het!**

### Onder 14-dogters

- **Wen** 1–0 vs Hoërskool Overvaal
- **Wen** 3–0 vs Hoërskool Piet Potgieter
- **Wen** 3–2 vs Hoërskool Hans Moore
- **Wen** 2–0 vs Hoërskool Standerton
- **Wen** 2–0 vs Krugersdorp High School
- Verloor 1–2 vs Hoërskool Hans Moore

### Onder 16-dogters

- **Gelykop** 0–0 vs Curro Nelspruit
- **Gelykop** 1–1 vs Hoërskool Pretoria-Noord
- Verloor 0–4 vs Hoërskool Driehoek



### Eerste Spandogters

- **Gelykop** 2–2 vs Hoërskool Delmas
- **Gelykop** 0–0 vs Hoërskool Driehoek
- **Wen** 5–0 vs Hoërskool Riebeeckrand
- Verloor 0–4 vs Hoërskool Volkskool Potchefstroom
- **Wen** 1–0 vs Krugersdorp High School
- Verloor 1–2 vs Hoërskool Wagpos

### Onder 14-seuns

- Verloor 0–3 vs Hoërskool Rustenburg
- **Gelykop** 2–2 vs Hoërskool Montana
- **Wen** 2–1 vs Hoërskool Sasolburg
- **Wen** 3–1 vs Hoërskool Louis Trichardt

### Onder 16-seuns

- Verloor 1–2 vs Hoërskool Transvalia
- Verloor 0–4 vs Hoërskool Zwartkop
- Verloor 1–4 vs Hoërskool Montana
- Verloor 0–5 vs Curro Vanderbijlpark

### Eerste Spanseuns

- **Wen** 2–1 vs Hoërskool Volkskool Potchefstroom
- **Wen** 3–1 vs Hoërskool Transvalia
- **Wen** 2–0 vs Hoërskool Oos-Moot
- Verloor 1–2 vs Krugersdorp High School
- Gelykop 2–2 vs Hoërskool Middelburg (verloor ná 'n agt-sekonde-uitdaging)



# HOKKIE GROOT NOORD-VAAL A - AFDELING

**Ons onder 15-dogterspan is die eerste span van Hoërskool Randburg wat ooit vir die Noord-Vaal Groot A-toernooi gekwalifiseer het!**

Al was die uitslae nie hierdie keer in ons guns nie, het die dogters elke wedstryd kliphard geveg, nooit moed opgegee nie en met trots vir die Randburg kenteken gespeel.

Hierdie toernooi was meer as net uitslae — dit was nog 'n belangrike stap vorentoe vir Randburg hokkie. **Ons is baie trots op die span.**




## LANDLOOP

Baie geluk aan ons **landloopatlete**, ons is ongelooflik trots op die volgende atlete wat na die Distrikslandloop deurgedring het. Die atlete is soos volg:

- Lianke Kotze
- Claudia Leach
- Kiara Jordaan
- Leane Grobler
- Lyla Greeff
- Lea van Heerden
- Madyson Els
- Carli Coetzee
- Lea Breedt
- Daniel Nienaber
- Caleb Kearney
- Kosie de Klerk
- Arnu Steenberg
- Nardus Breedt
- Johnathan Hodgson
- Eduan Visser
- Edgar van der Spoel

Spesiale gelukwense aan **Liam Visser (gr. 12)** wat tot die CGA-landloopspan verkies is!

Ons is besonder trots op jou, Liam! Baie geluk met hierdie uitstekende prestasie!





Ons glo in elkeen van julle en wens julle baie sterkte vir die volgende rondte toe. Gee alles en geniet die ervaring.

Baie geluk aan ons **landloopatlete** wat aan die Noord-Vaal Landloopkampioenskappe deelgeneem het. Ons is baie trots op elke atleet wat ons skool se naam met toewyding, deursettingsvermoë en inbors verteenwoordig het. Julle harde werk en vasberadenheid is 'n inspirasie!

'n Spesiale woord van dank aan **Elise Viljoen**, ons afrigter, vir die ontelbare ure se afrigting, ondersteuning en motivering. **Jou passie vir die sport maak 'n ongelooflike verskil aan ons atlete.** Baie geluk aan elkeen van julle!





# NETBAL

Die **o. 16-netbaldogters** neem van 30 Julie tot 1 Augustus aan die **Nasionale SA skole-netbalkampioenskappe** deel.

## HUL UITSLAE LYK SOOS VOLG:

**Groepwedstryde:**

Verloor Potch Volkies 10-15
**Wen** Thlothlisong 36-3
**Wen** Mashishing 21-6
**Gelykop** Framesby 10-10
**Wen** Mpandeli 24-0
Eindig tweede in die groep en kwalifiseer vir die Top 16.

Hulle het 'n kompeterende wedstryd teen Hoërskool Nelspruit gespeel, maar ongelukkig 8-12 verloor wat hulle toe in die afdeling vir posisie 9-16 plaas.
**Wen** teen Upington in die kwartfinaal met 19-9.

Speel semi-finaal teen Rustenburg Hoërskool en **wen** 14-11.
Speel vir posisie 9 en 10 teen Parel Vallei en verloor 12-14 om in die tiende plek te eindig.



Ons is baie trots op hierdie span wat ten spyte van struikelblokke met beserings en spanveranderinge, hul harte uit gespeel het.



# KLEREBANK

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorraine Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)**


**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




## RANDJIE GEBEDSWAG

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU. Almal is welkom!**



## PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure</u>:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**



















coolideas
YOUR FIBRE GUY

# LA COURONNE DENTAL CARE

Is **verstandtande, draadjies** of **Invisalign** in jou toekoms?

## Ons bied:


- **Verstandtand-verwyderings** in stoel of teater
- **Draadjies** vir reguit tande
- **Deursigtige belyners** b.v. **Invisalign** vir reguit tande

**Bel ons vandag** om jou afspraak te maak:

**011 792 2555**

Whatsapp: 079 412 9156
168 Oak Avenue, Robin Acres, Randburg
info@lacouronnedental.com : www.lacouronnedental.com





NOORDELIKE
HELPMEKAAR
STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIêRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

## KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

# SEPTEMBER 2026

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| | Netbal Fast Five Northcliff | **Toets 9**<br>Robotika 14:00<br>Dogterskrieket: Northcliff High (proewe) | Gr 10&11 Gesk sit 14:15-16:15<br>Tennistoer Bethlehem<br>Sentraal Gauteng Eisteddfod galakonsert 18:30 MMS<br>Dogterskrieket: Northcliff High (proewe) | **Lentedag**<br>Tennistoer Bethlehem<br>Atletiek: Egoli (w) | Tennistoer Bethlehem<br>Landloop: Gauteng | |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| **Toets 10**<br>Seunstennis C & D | Dogterstennis<br>Netbal Fast Five Uitspele Florida | Atletiek Curro<br>Robotika 14:00 | **Toets 11**<br>WOW Spelfees Fairland<br>Seunstennis A & B<br>Seunskrieket: Northcliff High (proewe) o/14 & o/15 | RNA<br>Dogterskrieket: Steyn City Toernooi<br>WOW spelfees LS Fairland | Netbal Fast 5 Gauteng Kampioenskappe<br>Fietsry byeenkoms 5<br>Skaak: Mzansi Clash of Schools (t)<br>Dogterskrieket: Steyn City Toernooi | Gholf Steyn City Toernooi<br>Dogterskrieket: Steyn City Toernooi |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| **Toets 12**<br>Seunstennis C & D<br>Gholf Steyn City Toernooi<br>Seunskrieket: Northcliff High (proewe) o/16 & o/18 | Dogterstennis<br>**Netheidskontrole**<br>Gholf Steyn City Toernooi<br>Seunskrieket: Northcliff High (proewe) o/16 & o/18 | Robotika 14:00 | 1ste Dogterskrieket vs Jeppe (w)<br>2de Dogterskrieket vs Florida (w)<br>SF Opleiding in Klubhuis 08:00-17:00 | Swem: Aflosgala<br>Netbal Gauteng Prysuitdeling<br>Seunstennis A & B<br>Atletiek Curro Podium | **Matriekafskeid 16:00**<br>Atletiek Curro Podium<br>Rugby 7's HS Bergsig o/15 & 17 | |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| Seunstennis C & D<br>SF Opleiding<br>Kooroefening 18:00 Ouditorium | Dogterstennis<br>**Gr 12's 40 Days**<br>SF Opleiding<br>Koor: Jan Celliers Eisteddfod 14:00 (vertrek 13:00)<br>1ste Dogterskrieket vs Noordheuwel (w)<br>2de Dogterskrieket vs Riebeeckrand (t) | **Skool sluit**<br>Tennistoer: Hilton<br>Atlete vertrek Paarl toe | **Erfenisdag**<br>Tennistoer: Hilton<br>Bryanston Parallel<br>Atletiek Paarltoer | **Spesiale Skoolvakansiedag**<br>Tennistoer: Hilton<br>SASN Netbal Fast 5<br>Atletiek Noord vs Suid<br>Atletiek Paarltoer | Tennistoer: Hilton<br>SASN Netbal Fast 5<br>Skiet SANSSU SA'S<br>Atletiek Paarltoer | Tennistoer: Hilton<br>SASN Netbal Fast 5<br>Skiet SANSSU SA'S |
| 28 | 29 | 30 | | | | |
| Skiet SANSSU SA'S | Skiet SANSSU SA'S | Fietsry Finaal<br>Skiet SANSSU SA'S | | | | |